dbmening@dieburger.com

'SKUIWERGATE KRY AANDAG'

Wapenwette verander

Proses van aanpassing het begin, sê minister van polisie

Llewellyn Prince

Pretoria. – Suid-Afrika se vuurwapenwetgewing gaan dalk binnekort baie strenger wees in 'n poging om geweldsmisdade te verminder.

Verder moet die algemene opvatting dat 'n persoon wat 'n vuurwapen besit veiliger is ook verander word, meen Nathi Nhleko, minister van polisie.

Hy het gister deelgeneem aan die nasionale dialoog oor misdaad en geweld in Boksburg.

Volgens Nhleko is huidige vuurwapenbeheermaatreëls nie genoeg nie omdat Suid-Afrikaners in vrees leef vir vuurwapens wat meestal in misdade soos moord en poging tot moord gebruik word.

Hy het gesê die proses om vuurwapenwette te wysig het reeds begin en is ook al aan die kabinet voorgelê.

Volgens hom laat skuiwergate in die huidige wetgewing individue, veral in die sportkategorie, toe om tot 5 000 vuurwapens vir sportdoeleindes te hê.

"Nog 'n skuiwergat is dat 'n private vuurwapeneienaar byvoorbeeld 200 patrone by 'n winkel kan koop, en kort daarna nóg 200 by 'n ander winkel.

"Dit lei daartoe dat 'n persoon soveel ammunisie moontlik kan koop.

> **Die indruk dat 'n mens veilig is as hy of sy 'n vuurwapen besit, moet ook verander word.**
>
> — NATHI NHLEKO, MINISTER VAN POLISIE

Dit moet aandag kry."

Nhleko het gesê die indruk dat 'n mens veilig is as hy of sy 'n vuurwapen besit, moet ook verander word.

"Dit is nie so nie. Enigiemand met militêre of vuurwapenopleiding weet dat jou vuurwapen niks beteken as 'n ander party syne eerste op jou gerig het nie."

Dr. Simon Bopape, 'n wapendeskundige in die polisie, het gesê daar is tans sowat 10 miljoen gelisensieerde vuurwapens in die hande van sowat 2,4 miljoen Suid-Afrikaners.

Volgens hom is dit egter onbekend hoeveel onwettige vuurwapens daar in omloop is.

Hy het gesê statistieke wys dat vuurwapens in 2011 verantwoordelik was vir sowat 3 204 van die 10 502 onnatuurlike sterftes in die land.

" 'n Studie in 27 lande het ook g wys dat minder vuurwapens tot minder misdaad lei."

Bopape het gesê daarom is daa behoefte aan strenger vuurwapen heer en dat wetgewing dringend hersien moet word.

Nomfundo Mogapi, 'n kliniese sielkundige van die Sentrum vir Studie van Geweld en Versoening het gesê daar is veral kommer oo die grusame aard van geweld.

"Dit dui aan dat daar ook 'n sie kundige kwessie in ons samelewi is wat aandag moet kry. Dit wil voorkom asof die menslikheid uit Suid-Afrikaners geruk is," het sy sê.